- INLEIDING.
  Ons het elkeen al klaar in ons gemeentes gestem. Ek het geensins die pretensie om binne 5 minute u van mening te probeer verander nie.
  Ek wil vir u graag ’n opsomming van die bedoeling van die nee- stem gee.

- ONS MOET VIR OF TEEN DIE NUWE ARTIKEL 1 STEM.
  Dit is heeltemal iets anders as om vir of teen die Belhar belydenis te stem.

- DIE KERNPROBLEEM VAN DIE VOORGESTELDE WYSIGING IS:
  Dit stel eerstens dat die geloof in die Belharbelydenis oor Jesus Christus volgens die Woord van God die waarheid is, maar dit stel tweedens terselfdertyd dat lidmate en vergaderinge hierdie Bybelse waarheid oor Jesus Christus nie hoef te aanvaar nie.

  As die aanvaarding van hierdie belydenis geloof is, dan is die weiering om dit te aanvaar – ongeloof. Die Here wys self dat om nie na sy woorde te luister nie is soos om ’n huis op sand te bou.

  Ons bou op sand wanneer ons die innerlike verskeurdheid van geloof teenoor ongeloof die nuwe orde van die kerk maak. Die wanorde van geloofsverdeeldheid kan nie die kerk se orde wees nie.

- DAAROM MOET U VERSTAAN DAT AL DIE ANDER REDES WAT AAN ONS VOORGEHOU WORD OM JA TE STEM NIE OPWEEG TEENOOR HIERDIE KERKVERSKEURDHEID NIE.

  **KERKEENHEID.**
  Ons kan nie vir hierdie wanorde ja stem ter wille van kerkeenheid nie. Hoe stem jy vir kerkeenheid deur die innerlike verdeeldheid van geloof en ongeloof die nuwe orde vir kerkeenheid te maak?

  **RUIMTE VIR MEKAAR AS GELOWIGES IN EEN KERK.**
  Ons kan nie vir hierdie artikel ja stem om ruimte in die Here se kerk te maak nie. Waarvoor maak jy ruimte as mense nie in die Here hoef te glo volgens God se Woord nie? Dit is vir ongeloof. Ons kan nie binne die Here se kerk ruimte skep vir ongeloof in die Here nie!

  **INVLOEDRYKHEID IN DIE LAND**
  Ons kan nie vir hierdie artikel ja stem sodat ons weer die invloedryke kerk kan wees wat die wetteloosheid en korrupsie in die land kan aanspreek nie. Hoe kan ’n kerk

  1.wat sy eie grondslag, die Woord van God, nie ernstig pneem nie en

2.sy lede die vryheid gee om die grondwet van sy eie bestaan nie te hoef aanvaar nie, geloofwaardig wees om die owerheid aan te spreek oor hulle wetteloosheid en korrupsie teenoor hulle grondwet?

**DIE BEWYS VAN JOU BEKERING VAN RASSISME.**
Ons kan nie vir hierdie artikel ja stem as bewys dat ons ons van rassisme bekeer het nie. Hoe kan 'n kerk sy eie geloofsgrondslag, dat elkeen ongeag ras, taal of kultuur aan die geloof in Jesus Christus gebind is, prysgee, en hierdie prysgawe van die verbintenis aan Christus as bewys van bekering tot die Here voorhou?

Wat anders is dit as rasse-vooroordeel wanneer die bewys van rasloosheid meer waarde het as die geloof in Jesus Christus?

**DIE VOORBEELD VAN DIE WÊRELDWYE GEREFORMEERDE KERK**
Ons kan nie vir artikel ja stem as gevolg van die beeld dat hierdie artikel die geloof van die wêreldwye Gereformeerde kerke verteenwoordig nie. Die Kerke wat hierdie belydenis aanvaar het, het nie hulle geloofgrondslag volgens artikel 1 verander nie.

Sou ons hierdie artikel aanvaar, vervreem en isoleer ons onsself van alle Gereformeerde kerke, die wat die Belharbelydenis aanvaar en die wat dit nie aanvaar nie .

- WAT WIL ONS WEES? 'N VRYE GELOOFSGEMEENSKAP
Ons wil die toekoms ingaan as die vrye geloofs-gemeenskap van die Here. Ons wil die kerk van die Here wees in 'n land waar die owerheid godloos is en die gemeenskap gekies het om vry van die waardes van die Christendom te leef.

In hierdie nuwe sekulêre gemeenskap wil ons nie weer die verlede herhaal om staatskerk wees soos wat ons dit die laaste 350 jaar was nie. Dit is al wat artikel 1 wil bereik: Net 'n ja-stem! Want dan kan ons weer die groot kerk, die invloedryke kerk, die gemeenskapskerk wees. Maak nie saak hoe verskeurend en verdelend dit vir ons geloofseenheid is nie.

Ons wil 'n toekoms hê waar ons ons krag om die Here te dien net in ons geloof in die Here vind. Daarom mag ons nie in hierdie geloof verdeeld wees nie.

Een geloof in een kerk vir almal tot eer van God. Nie twee gelowe in een kerk ter wille van die land en sy mense nie.
Ek dank u.
ds. PJ Kriel 17.06.2016